## Reëls rakende seksuele gedrag vir humanitêre werkers

Humanitêre werkers **kan onderwerp word aan dissiplinêre aksie – of selfs afgedank word – vir onaanvaarbare gedrag ten opsigte van seks**. Hier is die reëls waarby hulle moet hou:

- Humanitêre werkers word **nie toegelaat om seksuele verhoudings met enigiemand onder die ouderdom van 18 te hê nie, selfs al is dit wettig in hulle land.** Om te sê dat hulle nie geweet het wat die persoon se regte ouderdom is nie, is nie ŉ geldige verskoning nie.

- Humanitêre werkers word **nie toegelaat om te betaal vir seks met geld, werk, goedere of dienste nie** – insluitend goedere en dienste wat bedoel is om mense in nood te help. Werkers mag nie beloftes van sulke dinge gebruik om ander mense te forseer om enige optrede te aanvaar wat die mense sal verneder of uitbuit nie. Dit sluit die betaling of aanbieding van geld vir seks met ŉ prostituut in.

- Humanitêre werkers het invloed oor wie goedere en dienste ontvang. Dit plaas hulle in ŉ magsposisie teenoor mense wat bystand nodig het. Daarom **moedig humanitêre organisasies personeel sterk aan om nie seksuele verhoudings met enigiemand te hê wat** deur ŉ humanitêre noodsituasie **geraak word** nie. Sulke verhoudings laat humanitêre aksie minder eerlik en geloofwaardig lyk.

- Indien ŉ humanitêre werker **bekommerd is of vermoed** dat enigiemand in hulle organisasie of ŉ ander bystandsorganisasie die humanitêre reëls rakende seksuele gedrag oortree, **moet** hulle dit rapporteer volgens die **prosedures** wat deur hulle organisasie uiteengesit is.

- Humanitêre werkers moet ŉ werksomgewing **skep en handhaaf** wat onaanvaarbare seksuele gedrag verhoed en personeel aanmoedig om in ooreenstemming met hulle **gedragskode** op te tree. **Alle bestuurders** is verantwoordelik vir die ondersteuning en ontwikkeling van stelsels wat hierdie omgewing onderhou.

Die IASK-beginsels rakende seksuele uitbuiting en mishandeling is hier beskikbaar: http://www.pseataskforce.org/uploads/tools/sixcoreprinciplesrelatingtosea_iasc_english.doc.

Hierdie weergawe in eenvoudige taal is ontwikkel in samewerking met die IASK Taakmag vir Aanspreeklikheid teenoor Geaffekteerde Populasies en Beskerming teen Seksuele Uitbuiting en Mishandeling, en Vertalers sonder Grense.